

VOERMOL FASE D BULKORRELS

Klas: Volledige Herkouervoedsel

VOERMOL FASE D BULKORRELS is 'n volledige voer vir die voer van bulle:

- bevat die nodige spoorminerale, minerale asook Vitamiene A, D3 en E, om optimale prestasie te verseker;
- bevat 'n ionofoor en ander medikamente om prestasie en doeltreffendheid te verbeter;
- verseker dat bulle behoorlik uitgroei en nie oorvet word nie;
- Voer **Voermol Fase D Bulkorels** aan bulle ter voorbereiding vir 'n veiling, skou of teelseisoen;
- is geskik vir die Fase D toetsing.



SAMESTELLING VAN FASE D BULKORRELS

REG NR V22521 (Wet 36/1947)

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen*	(min)	120	Mangaan	40
Ureum	(maks)	10	Koper	15
Vog	(maks)	120	Kobalt	0.5
Ruvesel	(maks)	180	Yster	50
Vet	(min)	25	Jodium	2
Kalsium	(maks)	10	Sink	60
Fosfor	(min)	3.5	Selenium	0.2
Magnesium	(min)	2.2	Vitamiën A (IE/kg)	4 500
Swael	(min)	2	Vitamiën D3 (IE/kg)	250
			Vitamiën E (mg/kg)	20
			Energie (MJ ME/kg)	9.5

*29.5 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking 50kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Fase D Bulkorels is 'n volledige voer, voer *ad lib*. Indien 'n bul in 'n goeie kondisie is, beperk inname van **Voermol Fase D Bulkorels** tot 2% van liggaamsmasse met vrye toegang tot hooi en/of weiding *ad lib*.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnome voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL